400 WERKSGELEENTHEDE BESKIKBAAR VIR KONSTRUKSIE VAN NUWE SON-AANLEGTE

"Die langverwagte konstruksie van die sonaanlegte naby Pofadder en Aggeneys word verwag om so vroeg soos Augustus vanjaar 'n aanvang te neem..."

Ongeveer 400 werksgeleenthede gaan geskep word met die ontwikkeling van die nuwe 40 MW Aggeneys son-aanleg en die 75MW Konkoonsies II son-aanleg naby Pofadder.

Die langverwagte konstruksie word verwag om so vroeg soos Augustus vanjaar 'n aanvang te neem. Die ontwikkelaar, BioTherm Energy en die aangestelde EPC, ET Solutions is gretig om werksaansoeke te ontvang van die plaaslike inwoners.

'n Belangrike deel van die projek is om seker te maak dat gemeenskappe wat binne 50 kilometer van die onderskeie aanlegte woon, bevoordeel word deur werksgeleenthede en vaardighede wat bekom kan word uit die projek. Klem word daarop gelê dat tyd min is en aansoeke vir werk reeds sluit teen 31 Julie 2018.

Om seker te maak dat almal toegang het tot hierdie werksgeleenthede is 'n lys van beskikbare poste asook houers vir aansoeke geplaas by plaaslike munisipale kantore en sekere plaaslike biblioteke. Dorpe waar hierdie houers geplaas is sluit in Aggeneys publieke bibioteek, Onseepkans Munisipale kantore, Pofadder - Khai-Ma Munisipale kantoor , Witbank – Munisipale kantoor en Pella – Munisipale kantoor.

Cv's en ondersteunende dokumentasie kan ook ge epos word na Aggeneys@eds.holdings of na Konkoonsies@eds.holdings. Ook kan dit gefaks word na 086 567 8828.

Die span, tesame met kontrakteurs en sub-kontrakteurs, het einde Junie met gemeenskappe van Pofadder, Pella, Aggeneys, Witbank en Onseepkans vergader. Inligting is deurgegee oor die beplande twee son-aanlegte en die gemeenskap is ook ingelig oor die werksgeleenthede wat beskikbaar is tydens die voorbereiding van die terrein en die konstruksie proses asook die aansoekproses vir werk.

Wanneer konstruksie aan beide son-aanlegte voltooid is sal instandhouding slegs 5 tot 10 hoogs opgeleide persone verg. Daar sal egter, soos reeds genoem, sowat 400 werksgeleenthede geskep word tydens konstruksie wat verdeel gaan word tussen hierdie 2 projekte.

Verskillende poste is beskikbaar en sluit in algemene werkers asook geleenthede vir mense met verskillende vaardighede. Kandidate wat aangestel word sal na voltooiing van hul kontrakte 'n 'Certificate of Service' ontvang. Matriek is nie 'n vereiste nie en mans sowel as vroue word aangemoedig om aansoek te doen. Solank as wat kandidate 'n mediese fiksheid toets slaag is ouderdom ook nie 'n probleem nie alhoewel jeudiges voorkeur sal geniet.

EAGLE TOWERS SA (PTY) LTD **ENVIROAFRICA CC**

NEMA PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

PROPOSED DEVELOPMENT OF A 25M HIGH TELECOMMUNICATION MAST ON ERF 275, GOODHOUSE STREET, CONCORDIA, NORTHERN CAPE

Notice is hereby given of the intention to submit an application, and the public participation process, in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), as amended ("NEMA"), Environmental Impact Assessment Regulations 2014. The proposed 25m high telecommunications mast on Erf 275, Goodhouse Street, Concordia, Northern Cape, **includes activities listed in terms of the NEMA EIA Regulations 2014.**

EnviroAfrica cc has been appointed by the Eagle Towers SA (Pty), to undertake the NEMA Application for Environmental Authorisation process.

Application for environmental authorization to undertake the following activities:

Government Notice R324 (Listing Notice 3): Activity No. **3**

**Please note that the listed activities above may change during the course of the NEMA Application process. Registered I&APs will be notified of any changes.*

Project Description & Location:
A telecommunications mast, including associated infrastructure, is proposed on Erf 275, Goodhouse Street, Concordia, Northern Cape. The base station will have total developmental size of approximately (7m x 8m) 56m² and will include a 25m high Monopole Mast and three service provider equipment containers. The site will be enclosed by fencing for security reasons. The site is located off Goodhouse Street, Concordia South. Site co-ordinates:
29°32' 38.95"S, 17°56'45.63"E.

Public Participation:
Interested and Affected Parties (I&APs) are hereby notified of the application and invited to register (in writing) and/or provide initial comments **and identify any issues, concerns or opportunities relating to this project** to the contact details provided below, on or before **24 August 2018.** In order to register or submit comment, I&APs should refer to the project name, and provide their name, address & contact details (*indicating your preferred method of notification)* and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have in the application. **You are also requested to pass this information to any person you feel should be notified**. Please note that future correspondence will only be sent to registered Interested and Affected Parties.

Please note that only Registered I&APs:
- will be notified of the availability of reports and other written submissions made (or to be made) to the Department by the applicant, and be entitled to comment on these reports and submissions;
- will be notified of the outcome of the application, the reasons for the decision, and that an appeal may be lodged against a decision; and
- will be notified of the applicant's intention to appeal the decision of the competent authority, together with an indication of where and for what period the appeal submission will be available for inspection.

Consultant: EnviroAfrica CC. P.O. Box 5367, Helderberg, 7135 / Fax: 086 512 0154 / Tel: 021 8511616 / E-mail: admin@enviroafrica.co.za

STYGING IN AUGUSTUS: PROTESAKSIE OOR BRANDSTOFPRYS KOM

"Die organisasie, People Against Petrol and Parafin Price Increases (PAPPPI) glo dat die brandstofprys tot so laag as R8 per liter afwaarts aangepas kan word..."

Woedende verbruikers moet hulself weer staal vir nog 'n verhoging in die brandstofprys vir die nuwe maand.

Motoriste betaal op die oomblik vir brandstof sowat R15.43per liter aan die kus en meer as R16per liter in die binneland. Die hoë brandstofpryse en die verhoging van BTW vanaf 14% tot 15% is 'n baie swaar las vir verbruikers. Die effek hiervan kan in byna elke sektor van die samelewing gevoel word. Die oorweldigende mening is dat die regering sy inwoners uitbuit en laat betaal vir dinge soos korrupsie en swak finansiële besluite.

Die departement van energie het reeds op 6 Julie vanjaar 'n verhoging vir Augustus aangekondig. Redes wat die departement aanvoer is die verhoging van die prys van ru-olie asook die rand-dollar wisselkoers. Ook die internasionale vraag en aanbod na petroleumprodukte, plaaslike faktore soos vervoerkoste, belastings en heffings dra hiertoe by.

Intussen is 'n organisasie op die been gebring om verhogings in die prys van brandstof teen te staan. Die organisasie, People Against Petrol and Parafin Price Increases (PAPPPI) glo dat die brandstofprys tot so laag as R8 per liter afwaarts aangepas kan word. Vrae word gevra waarom Sasol brandstof, wat in Suid-Afrika vervaardig word, en nie aan eksterne faktore gekoppel word nie, dieselfde prys as ingevoerde petroleumprodukte moet wees. Ook waarom buurlandse soos Botswana en Namibië goedkoper betaal vir brandstof alhoewel dit uit Suid-Afrika voorsien word.

Die organisasie beplan om hierdie Vrydag 'n massa protesaksie te loods in weerwil van die brandstofprys. 'n Brief van die organisaie is reeds aan president Cyril Ramaphosa gestuur waarin versoek word om met die staatshoof te vergader voor die aanvang van die protesaksie. Hulle voer aan dat 'n protesaksie nou die enigste uitweg is omdat die ekonomie deur hoë brandstofpryse erg geknou word.

Die nasionale tesourier het onlangs 'n taakspan saamgestel om te kyk hoe die impak van die hoë brandstofprys versag kan word en ook met die oog daarop om meer items by te voeg wat kwytgeskel kan word van BTW.

Taata en Maama Lee: 084 351 8788

Vir al u probleme soos verlore liefde, slegte geluk, jaloesie, huweliksake, geldelike probleme, kontak of whatsapp Maam en Taata.

Hulle help ook met hofsake, bevordering by die werk, diegene wat sukkel om swanger te raak, liggaamspyne soos bors en rugpyn.

Bel of whatsapp nou, kan selfs oor die foon gehelp word as jy nie kan inkom nie. En jy betaal eers na die werk klaar gedoen is.

Moenie u tyd mors met simple dom dokters nie.

Bel gerus, jy sal nie teleurgestel word nie!

Die waarheid oorwin steeds. Taata en Maama Lee is baie goed en het baie vir my en my familie gedoen.

Ons was siek en baie arm todat ons Maam Lee en Taata besoek het. My man het geen werk gehad nie en ons het 'n plekkie gehuur in die agterplaas van iemand. Vandag het ons ons eie huis en 'n besigheid nadat ons die lotto gewen het.

Baie dokters het ons ingeloop en ons het baie geld verloor maar hierdie genesers het ons gehelp. My suster het vandag 'n towering gekry en sy is baie gelukkig.

My man was siek, hoë bloeddruk en het baie gedrink maar dit is nou in die verlede. My seun het matriek geslaag nadat hy dit twee keer gedruip het. My dogter se ma het teruggekeer na haar nadat hy haar vir vyf jaar gelos het.



Ook my susterskind wat verslaaf aan dwelms was is nou skoon.



Namakwaland Oogkundiges

Tel: 027 712 1122 | Fax: 086 646 5387
email: eyes4namakwa@isat.co.za PR. 0374873

AANDAG: ONS BESOEK KLEINZEE VANAF JULIE...

GRATIS SONBRIL PROMOSIE
Termes en voorwaardes geld.

WELFARE WOENSDAE VIR JULIE
Ons besoek Aggeneys asook Steinkopf, Port Nolloth, Alexanderbaai, Koiingnaas en Komaggas